**PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA**
https://www.ppfkaapkerk.co.za / pensioen@kaapkerk.co.za / 021 957 7115
Registrasienommer: 12/8/3615 – Privaatsak X8, Bellville, 7535

# OMSENDBRIEF AAN ALLE LEDE EN DEELHEBBERS VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA

**BYDRAES VANAF**
**1 MAART 2024 TOT 28 FEBRUARIE 2025**

## 1. ’N VASTE BYDRAE PENSIOENFONDS

Die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in SA (PPF) is vanaf 1 Januarie 2008 ’n vaste bydrae pensioenfonds. Met ’n vaste bydrae struktuur word die bydraekoerse vir die lid en die werkgewer vasgestel.

### 1.1 Aftreevoordeel

’n Aftreevoordeel word nie gewaarborg nie. Die bedrag van elke lid se aftreevoordeel is afhanklik van die grootte van die bydraes wat deur en namens die lid gemaak word en die opbrengs wat op die belegging van hierdie bydraes verdien word.

**AFTREEVOORDEEL**

- **Werkgewer se netto bydrae**
(Die koste en die risikopremies word van die werkgewer se bruto bydrae verhaal)
- **Lid se bydrae**
- **Opbrengs**

### 1.2 Keuse van bydraevlakke

Lede het ’n keuse ten opsigte van sewe bydraevlakke. Die werkgewer (gemeente) moet skriftelik onderneem om lede se gewysigde bydraevlak te betaal. Sien paragraaf 8 vir meer besonderhede.

### 1.3 Vrywillige addisionele bydraes

Lede het ’n keuse om addisionele bydraes tot die pensioenfonds te maak. Dit kan maandeliks of jaarliks gedoen word. Lede se bydraes, plus die goedgekeurde gedeeltes van die werkgewerbydrae (wat eers belas word as ’n byvoordeel) is belastingaftrekbaar tot 27,5% van die lid se belasbare inkomste. Die bedrag kwytgestel van belasting word beperk tot R350 000 per jaar [Inligting soos op 30 November 2023. Hou die PPF / SAID se webwerwe dop vir moontlike wysigings aan die belastingaftrekbaarheid].

### 1.4 Pensioengewende Inkomste (PGI) / Risikosalaris

Pensioenbydraes word jaarliks op 1 Maart, saam met die verhoging van traktement, aangepas. Die **pensioengewende inkomste** (PGI) waarop bydraes en risiko voordele bereken word, is die sogenaamde “risikosalaris”. Die risikosalaris beloop vanaf 1 Maart 2024 **R546 997**. Dit is gebaseer op die maksimum salaris (topskaal) van die Algemene Sinode se riglyn vir ’n predikant plus ’n bonus (dertiende tjek) asook ’n 7% addisionele voorsiening (R39 324 x 13 = R511 212 + 7% = R546 997).

**RISIKOSALARIS**
(R39 324 x 13) + 7%
Risikosalaris = R546 997

Die bydraevlakke se persentasies verwys nie na ’n spesifieke predikant se salaris nie. Die persentasie verwys na die Predikante Pensioenfonds (PPF) se **pensioengewende inkomste** (PGI) of dan die risikosalaris van **R546 997.**

## 2. VOORDELE EN VERPLIGTINGE VANAF 1 MAART 2024

Die voordele en verpligtinge wat vanaf 1 Maart 2024 geld, word volledig uiteengesit in die **aangehegte bylaes**. Die lid se bydrae vanaf 1 Maart 2024 word gebaseer op die lid se ouderdom soos op 1 Januarie 2024 **[Bylaes A en B]**. Die bydraes vir Januarie en Februarie 2024 verander nie. Dit bly dieselfde as gedurende 2023.

Risikovoordele word nie deur die PPF verskaf nie, maar is wel aan lidmaatskap van die PPF gekoppel. **[Sien Bylae C en voltooi Bylae D].**

## 3. IN-FONDS LEWENDE ANNUÏTEIT (IFLA)

Die IFLA (in-fonds lewende annuïteit) bied aan lede die opsie om by aftrede 'n lewende annuïteit binne die Predikante Pensioenfonds te kies. Volledige dokumentasie hieroor is op die PPF webblad beskikbaar (Sien https://www.ppfkaapkerk.co.za/ifla/).

Lede word sterk aangemoedig om tydig, **maar veral vanaf ouderdom 57**, 'n professionele finansiële adviseur se advies te vra.

Die PPF se Beheerliggaam het finansiële adviseurs van Sanlam en Alexander Forbes gekeur en 'n diensvlakooreenkoms met die betrokke maatskappye gesluit. Die voordeel hiervan is dat die ooreengekome fooie van die lid se fondswaarde verhaal word. Lede kan ook hul eie adviseurs aanstel en fooie met hulle beding.

## 4. DEBIETORDERS EN WYSIGINGS

Bydraes word via debietorder op die 25ste van die maand van elke deelhebber (gemeente) se bankrekening verhaal. Alle wysigings (bedanking, aftrede, uitdienstrede, ensovoorts) moet vóór die **10de** van die maand aan die Pensioenfondskantoor gekommunikeer word. Predikante kan slegs via 'n deelhebber (gemeente) lid van die Fonds wees. 'n Predikant kan nie direk (in 'n persoonlike hoedanigheid) lid van die Fonds wees nie.

## 5. PENSIOENFONDSKANTOOR

Die sinodale kantoor van Wes-Kaapland bedryf die Pensioenfondskantoor. Alle navrae ten opsigte van pensioenfondsaansoeke, uitdienstredings en arbeidsonbevoegde eise word hier hanteer. Alle verskuiwings of enige verandering van bydraevlak moet ook by die Pensioenfondskantoor aangemeld word. Die kontakpersoon is **mev Elodie van der Walt.** Die kantoor is weeksdae van 8:00 tot 14:00 oop.

Die Hoofbeampte (**ds Bossie Minnaar**) kan na-ure of tydens vakansies gekontak word.

**PENSIOENFONDSKANTOOR**
*Pastoriestraat 11, Bellville*
*021 957 7115*
*pensioen@kaapkerk.co.za*

**HOOFBEAMPTE**
*083 270 5211*
*bossie@kaapkerk.co.za*

## 6. AANSOEK OM PENSIOENFONDSVOORDELE

Predikante wat oorweeg om af te tree moet asseblief minstens **twee maande** voor die aftreedatum met die Pensioenfondskantoor in verbinding tree, sodat al die dokumentasie betyds voltooi kan word. Dit help om die spoedige uitbetaling van aftreevoordele te verseker.

Lede wat met vervroegde pensioen aftree, het die keuse om met die groepversekering (twee keer sterftedekking) voort te gaan tot op 65. Kontak die Pensioenfondskantoor vir meer besonderhede.

Raadpleeg asseblief die Fonds se webwerf (https://www.ppfkaapkerk.co.za) vir opsies by aftrede of die kontakbesonderhede van die twee finansiële adviseurs by Alexander Forbes en Sanlam FinPrufe Blouster met wie die Fonds 'n kontraktuele fooi ooreenkoms het.

## 7. BYDRAESTAAT

Die Pensioenfondskantoor stuur in Maart vir elke deelhebber (gemeente) 'n bydraestaat wat die nuwe bydraes per lid en die totaal per deelhebber (gemeente) aandui. Dit sal die verantwoordelike finansiële beampte help om elke personeellid (predikant) se aftrekkings, insluitend die belasting, korrek te bereken.

## 8. BYDRAEVLAKKE

Die bydraevlakke se persentasies is vir sommige verwarrend. Die persentasie verwys nie na 'n spesifieke predikant se salaris nie. Die persentasie verwys na die Predikante Pensioenfonds (PPF) se **pensioen-gewende inkomste** (PGI). Die PGI is gelyk aan die risikosalaris soos reeds op bladsy 1 in paragraaf 1.4 verduidelik.

| | Bydraevlak |
|---|---|
| 1 | 4,50% |
| 2 | 9,80% |
| 3 | 12,10% |
| 4 | 14,50% |
| 5 | 16,80% |
| 6 | 19,20% |
| 7 | 21,50% |

Die PPF se PGI vir die 2025 finansiële jaar is **R546 997**. 'n Bydraevlak van **4,5%** se bydrae is dus **R2 052,00** per maand (4,5% x R546 997 ÷ 12).

Vir predikante jonger as 43 is daar bydraes gekoppel aan die bydraevlak én die predikant se ouderdom. Sien Bylae A of B vir volle besonderhede.

Gemeentes hoef nie oor die tegniese detail in hierdie paragraaf bekommerd te wees nie. Bydraes tot die PPF word bepaal deur die tabel in Bylae A. **Gemeentes bereken nie self die bydrae nie**. Die tabel moet gebruik word.

Bydraes vir predikante in deeltydse poste word nie pro rata verdeel nie. 'n Gemeente met 'n predikant in 'n 80%-pos betaal nie net 80% van die 21,5% bydraevlak se bydrae nie. Die Gemeente kan 'n laer bydraevlak kies. Bydraevlak 7 se 21,5% kos byvoorbeeld R9 801. 80% hiervan is R7 841. Die Gemeente kan dus besluit om eerder Bydraevlak 5 (16,8%) se R 7 658 te kies.

Lede se bydraes moet in ooreenstemming (dieselfde kolom / bydraevlak) as die gemeente s'n wees. Lede mag egter vrywillig 'n addisionele bydrae maak – maandeliks, jaarliks of ad hoc.

## 9. VERANDERING VAN BYDRAEVLAK

Die bydraevlak kan ter enige tyd – **voor die 10de** van 'n maand – deur die deelhebber (gemeente) verander word. Stel asseblief die Pensioenfondskantoor in kennis van enige verandering in die bydraevlak. Sien ook paragraaf 4 hier bo. Maak seker dat die Pensioenfondskantoor die verandering bevestig.

## 10. VOORLIGTING

Die Pensioenfondswet vereis dat die fonds vanaf 1 Maart 2019 vir lede toegang tot aftreevoordele voorligting verskaf. Die verskaffing van dokumente soos hierdie omsendbrief, asook die inligting op die webwerf (https://www.ppfkaapkerk.co.za) en ander dokumente bied aan lede toegang tot voorligting. Lede wat 'n verdere verduideliking benodig oor die inhoud van hierdie dokumente kan die fonds se voorligter kontak by die onderstaande adres. Lede word egter aangemoedig om 'n geregistreerde finansiële adviseur te raadpleeg oor die opsies beskikbaar by aftrede, aangesien die voorligter slegs inligting en 'n verduideliking daarvan kan gee en nie finansiële advies nie.

## 11. DIE FONDS SE VOORLIGTER

**Ds Bossie Minnaar** (Hoofbeampte: PPF): 083 270 5211 of bossie@kaapkerk.co.za

Vriendelike groete

**BOSSIE MINNAAR**
**HOOFBEAMPTE: PPF**
**30 NOVEMBER 2023**

# VOORDELE EN VERPLIGTINGE VANAF 1 MAART 2024

**Risikosalaris = Algemene Sinode se maksimum traktement (R39 324 x 13) plus 7% = R546 997**

## 1. STERFTEVOORDELE TEN OPSIGTE VAN DOOD VOOR AFTREDE

| | |
|---|---|
| 2x Risikosalaris verpligte sterftedekking | R 1 093 994 |
| Opsionele buigsame sterftedekking | |
| 3 x Risikosalaris | R 1 640 991 |
| 4 x Risikosalaris | R 2 187 988 |
| 5 x Risikosalaris | R 2 734 985 |
| 6 x Risikosalaris | R 3 281 982 |
| 7 x Risikosalaris | R 3 828 979 |
| 8 x Risikosalaris | R 4 375 976 |
| 9 x Risikosalaris | R 4 922 973 |
| 10 x Risikosalaris | R 5 469 970 |
| *11 x Risikosalaris* | *R 6 016 967* |
| *12 x Risikosalaris* | *R 6 563 964* |

Slegs vir lede wat reeds voorheen hierdie opsie gekies en daarvoor gekwalifiseer het

Volle Fondskrediet (opgelope waarde in die Pensioenfonds) word uitbetaal.

## 2. ONGESKIKTHEIDSVOORDELE

| | |
|---|---|
| Jaarlikse inkomste (75% x Risikosalaris) | R 410 247,75 |
| Maandeliks | R 34 187,31 |
| Enkelbedrag uit Groepskema onderhewig aan sekere voorwaardes | R 1 093 994,00 |

## 3. GADEVERSEKERING

*Indien van toepassing* R 546 997,00

## 4. BYDRAES

*[Sien kleiner bydraevlakke op bladsy 3]*

### 4.1 Verpligting van die gemeente

| | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|
| Per predikantspos | **16,8% bydraevlak** | **19,2% bydraevlak** | **21,5% bydraevlak** |
| *Kontribusie (per maand)* | R7 658,00 | R8 752,00 | R9 801,00 |
| *50% van die groepversekeringpremie* | R190,50 | R190,50 | R190,50 |
| | R7 848,50 | R8 942,50 | R9 991,50 |

## 4.2 Verpligting van die werknemer (predikant)

4.2.1 Persoonlike bydraes (per maand)

| | **5** | **6** | **7** |
|---|---|---|---|
| **Ouderdom aan begin van 2024** | **7,5% bydraevlak** | **9,375% bydraevlak** | **11,250% bydraevlak** |
| Tot 34 | R 2 188 | R 2 735 | R 3 282 |
| 35 | R 2 325 | R 2 906 | R 3 488 |
| 36 | R 2 462 | R 3 077 | R 3 693 |
| 37 | R 2 599 | R 3 248 | R 3 898 |
| 38 | R 2 735 | R 3 419 | R 4 103 |
| 39 | R 2 872 | R 3 590 | R 4 308 |
| 40 | R 3 009 | R 3 761 | R 4 513 |
| 41 | R 3 146 | R 3 932 | R 4 718 |
| 42 | R 3 282 | R 4 103 | R 4 923 |
| 43 en ouer | R 3 419 | R 4 274 | R 5 129 |

4.2.2 Groepversekering (Twee maal verpligte sterftedekking)

50% van premie deur werknemer (predikant) R190,50 p.m.

4.2.3 Gadeversekering (indien van toepassing)

100% van premie R161,00 p.m.

## 4.3 Kapelane

*Groepversekering (volle premie)* R381,00 p.m.

*100% Gadeversekering (indien van toepassing)* R161,00 p.m.

# KLEINER BYDRAEVLAKKE

**5. BYDRAES (VERVOLG)**

**5.1 Verpligting van die gemeente**

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|
| **4,5% bydraevlak** | **9,8% bydraevlak** | **12,1% bydraevlak** | **14,5% bydraevlak** |
| R 2 052 | R 4 468 | R 5 516 | R 6 610 |

**5.2 Verpligting van die werknemer (predikant)**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Ouderdom op 1 Jan 2022** | **0,9375% van PGI** | **1,875% van PGI** | **3,750% van PGI** | **5,625% van PGI** |
| Tot 34 | R 274 | R 547 | R 1 094 | R 1 641 |
| 35 | R 291 | R 582 | R 1 163 | R 1 744 |
| 36 | R 308 | R 616 | R 1 231 | R 1 847 |
| 37 | R 325 | R 650 | R 1 300 | R 1 949 |
| 38 | R 342 | R 684 | R 1 368 | R 2 052 |
| 39 | R 359 | R 718 | R 1 436 | R 2 154 |
| 40 | R 377 | R 753 | R 1 505 | R 2 257 |
| 41 | R 394 | R 787 | R 1 573 | R 2 359 |
| 42 | R 411 | R 821 | R 1 641 | R 2 462 |
| 43 en ouer | R 428 | R 855 | R 1 710 | R 2 565 |

Al bogenoemde bedrae, soos van toepassing, word per debietorder van die deelhebber/werkgewer/gemeente verhaal. Lede (predikante) kan nie direk tot die pensioenfonds behoort nie. Bydraes kan dus nie vanaf ’n lid se persoonlike bankrekening verhaal word nie.

**Hierdie is slegs ’n opsomming van die voordele en wysigings en vervang nie die reëls van die PPF of die bepalings van die Versekeraars (waar van toepassing) nie.**

**PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA**
**MAANDELIKSE BYDRAES VIR DIE VERSKILLENDE BYDRAEVLAKKE**
**GELDIG VANAF 1 MAART 2024**

**Pensioengewende Inkomste (per jaar) =** **R546 997**

## MAANDELIKSE BYDRAES PER GEMEENTE

| | LIDMAATSKAP KATEGORIE | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** |
| BYDRAEVLAK | 4,5% | 9,8% | 12,1% | 14,5% | 16,8% | 19,2% | 21,5% |
| GEMEENTELIKE KONTRIBUSIE | R2 052 | R4 468 | R5 516 | R6 610 | R7 658 | R8 752 | R9 801 |

## MAANDELIKSE BYDRAES PER LID

| Ouderdom laaste verjaarsdag op 01-01-2024 | Pensioengewende Besoldiging | % van PGI# | LIDMAATSKAP KATEGORIE | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 0,9375% van PGI (voorheen 12,5%) | 1,875% van PGI (voorheen 25%) | 3,750% van PGI (voorheen 50%) | 5,625% van PGI (voorheen 75%) | 7,5% van PGI (voorheen 100%) | 9,375% van PGI (voorheen 125%) | 11,250% van PGI (voorheen 150%) |
| 34 en jonger | R350 078 | 4,80% | R274 | R547 | R1 094 | R1 641 | R2 188 | R2 735 | R3 282 |
| 35 | R371 958 | 5,10% | R291 | R582 | R1 163 | R1 744 | R2 325 | R2 906 | R3 488 |
| 36 | R393 838 | 5,40% | R308 | R616 | R1 231 | R1 847 | R2 462 | R3 077 | R3 693 |
| 37 | R415 718 | 5,70% | R325 | R650 | R1 300 | R1 949 | R2 599 | R3 248 | R3 898 |
| 38 | R437 598 | 6,00% | R342 | R684 | R1 368 | R2 052 | R2 735 | R3 419 | R4 103 |
| 39 | R459 477 | 6,30% | R359 | R718 | R1 436 | R2 154 | R2 872 | R3 590 | R4 308 |
| 40 | R481 357 | 6,60% | R377 | R753 | R1 505 | R2 257 | R3 009 | R3 761 | R4 513 |
| 41 | R503 237 | 6,90% | R394 | R787 | R1 573 | R2 359 | R3 146 | R3 932 | R4 718 |
| 42 | R525 117 | 7,20% | R411 | R821 | R1 641 | R2 462 | R3 282 | R4 103 | R4 923 |
| 43 en ouer | R546 997 | 7,50% | R428 | R855 | R1 710 | R2 565 | R3 419 | R4 274 | R5 129 |

**  Maandelikse bydraes word gebaseer op Pensioengewende Besoldiging vermenigvuldig met die Pensioenfaktor .*
*Bydraevlak 5 is die ou 100% (of "normale") bydraevlak.  Die Sinode van Wes-Kaapland moedig gemeentes egter aan om minstens Bydraevlak 6 vir 'n voltydse predikant te oorweeg.*

# RISIKOVOORDELE
# STERFTEVERSEKERING, ONGESKIKTHEIDSVERSEKERING EN GADEVERSEKERING
# 1 MAART 2024 TOT 28 FEBRUARIE 2025

Lede van die Predikante Pensioenfonds geniet tans versekerde voordele op ’n losstaande basis buite die Pensioenfonds. Die voordele behels

- **gadeversekering,**
- **groeplewensversekering,**
- **ongeskiktheidsversekering en**
- **opsionele sterfteversekering**

Veranderinge aan risikoversekering geskied elke jaar op 1 Maart. Risikoverskering is direk gekoppel aan die “risikosalaris”. Die “risikosalaris” beloop vanaf 1 Maart 2024 R546 997 per jaar. Dit is gebaseer op die maksimum salaris (topskaal) van die Algemene Sinode se riglyn vir ’n predikant plus ’n bonus (dertiende tjek) asook ’n 7% addisionele voorsiening (R39 324 x 13 = R511 212 + 7% = R546 997). Die topskaal vir predikante is met 7,15% aangepas. Premies neem as gevolg van afronding tot heelgetalle met gemiddeld 7,24% toe.

## 1. GADEVERSEKERING – R161,00

Gadeversekering (verpligtend as daar ’n gade is) is gelyk aan een maal die risikosalaris (R546 997).

**GADEVERSEKERING**

**R546 997**
**R161,00 per maand**

Gadeversekering is nie ’n polis wat aan die gade behoort nie. Die gade het dus nie ’n benoemingsreg vir die toekenning van die uitbetaling nie. Gadeversekering staak wanneer die lid sterf. Sanlam het die reël effens uitgebrei en bepaal nou dat die polis steeds sal betaal as die gade in die maand waarin die lid gesterf het, self ook sterf.

Let asseblief op Sanlam se spesifieke bewoording:

*When an employee dies, the insurance in respect of the employee’s spouse ceases 24 hours after the employee’s death in terms of the current policy provisions. However, the Spouse’s Life insurance policy has been endorsed to allow for the cover in respect of the employee’s qualifying spouse to continue until the last day of the calendar month in which the employee dies.*

*The provision will apply in addition to the existing provision for the spouse to remain covered for 24 hours after the employee’s death. This will ensure that the employee’s qualifying spouse remains covered after the death of the employee, in the unfortunate event that they die in the same calendar month as the employee.*

## 2. VERPLIGTE GROEPVERSEKERING – R381,00

Die Verpligte Groepversekering vir sterfte- en ongeskiktheidsversekering koop sterfteversekering gelyk aan **twee** maal die risikosalaris. Dit is **R1 093 994** (R546 997 x 2 = R1 093 994).

Die maandelikse premie is **R381,00**. Die lid en die werkgewer betaal elkeen 50% (**R190,50**) van hierdie premie. Hierdie premie word **addisioneel** tot die pensioenfondsbydrae betaal.

Die verpligte premie sluit ook ongeskiktheidsversekering in waarvan die enkelbedrag gelyk is aan twee maal die risikosalaris, naamlik **R1 093 994** (R546 997 x 2 = R1 093 994).

Die premie sluit die volgende voordele in:

- 'n **Omskeppingsopsie** by aftrede. Die lid kan dus sonder 'n mediese ondersoek voortgaan met lewensversekering, maar teen privaat tariewe wat Sanlam sal kwoteer.
- 'n **Kontantbedrag** (tot twee maal die risikosalaris) by ongeskiktheid. Die voorwaardes van die polis bepaal dat die enkelbedrag vir ongeskiktheidsdekking vanaf ouderdom 60 verminder met 1/60ste vir elke maand na ouderdom 60. Indien 'n lid byvoorbeeld op ouderdom 62 ongeskik verklaar word, sal die voordeel gelyk wees aan R656 396,40 (R1 093 994 – 24/60 x R1 093 994).
- 'n **Voortsetting** van risikoversekering gedurende ongeskiktheid.

**STERFTEVERSEKERING**
**R1 093 994**

**ONGESKIKTHEIDSVERSEKERING**
**Maksimum R1 093 994**

**PREMIE**
**R381,00 per maand**
**Lid: R190,50**
**Werkgewer: R190,50**

## 3. ONGESKIKTHEIDSVERSEKERING – R584,00

Die maandelikse inkomstevervangingsvoordeel by ongeskiktheid is **75%** van die risikosalaris.

Ongeskiktheidsvoordele staak wanneer 'n lid **62 jaar oud** word. Lede wat **62** jaar oud is (of ouer) kan dus ongelukkig nie meer die maandelikse inkomstevervangingsvoordeel bekom nie.

***Premie***
**R584,00 per maand**

***Maandeliks***
**R34 187,31 per maand plus Pensioenfondsbydrae op 16,8%**

[Voorbeeld: 'n Lid wat op 27 Januarie 2025 verjaar en dan **62** jaar oud word, se bydrae vir ongeskiktheidsversekering (R584,00) staak op 31 Oktober 2024 (drie maande voordat die lid 62 jaar oud word). Indien die lid in hierdie tyd, of in die volgende drie jaar voor die normale aftrede op 65-jarige ouderdom, ongeskik word, is daar geen maandelikse inkomstevervangingsvoordeel nie. **Die kontantbedrag by ongeskiktheid is wel steeds betaalbaar tot ouderdom 65**, soos verduidelik in paragraaf 2 hier bo.]

By ongeskiktheid van 'n lid, sal die versekeraar dus drie betalings doen:

- Die maandelikse inkomstevervangingsvoordeel is gebaseer op **75%** van die risikosalaris (R546 997), dit wil sê **R34 187,31** per maand (R546 997 x 75% ÷ 12). Dit word betaal tot aan die einde van die lid se **61**ste jaar (die maand waarin die lid 62 word).
- By ongeskiktheid van 'n lid, sal die versekeraar ook die lid se pensioenfondsbydraes op die **16,8%** bydraevlak in stand hou tot aan die einde van die lid se **61**ste jaar (die maand waarin die lid 62 word).
- Die versekeraar sal ook 'n kontantbedrag aan die lid uitbetaal, welke bedrag tot soveel as twee maal die risikosalaris (**R1 093 994**) kan wees. Hierdie kontantbedrag se premie is ingesluit in die verpligte groepversekering se premie (R381). Lede geniet dus steeds die voordeel van die kontantbedrag by ongeskiktheid tussen ouderdom 62 en 65, alhoewel die waarde, soos voorheen, maandeliks verminder (sien paragraaf 2 hierbo).

Die premie vir die ongeskiktheidsvoordeel beloop **R584,00** per maand.

**Vastetermyn poste**
Lede wat in 'n vastetermyn pos aangestel is se inkomstevervangingsvoordeel het gestaak wanneer die lid se vastetermyn sou geëindig het. Na oorlegpleging het Sanlam die reël gewysig sodat lede in vastetermynposte steeds dieselfde premie betaal (**R584,00**), maar hulle kwalifiseer vir **24 maande** se inkomstevervanging (of totdat ouderdom 62 bereik word) ongeag die vervaldatum van die vastetermyn pos.

'n Lid met 'n twee jaar vastetermyn pos, wat op ouderdom 59 ongeskik raak, sal vir 24 maande die inkomstevervangingsvoordeel ontvang (**R34 187,31**). As die betrokke lid egter reeds 61 jaar oud was toe ongeskiktheid ingetree het, sal die inkomstevervangingsvoordeel, soos vir alle lede, op ouderdom 62 staak.

Sanlam sal ook 'n kontantbedrag aan die lid uitbetaal, welke bedrag tot soveel as een maal die risikosalaris (**R546 997**) kan wees.

## 4. OPSIONELE STERFTEVERSEKERING

Lede van die Pensioenfonds het die keuse om addisionele sterfteversekering uit te neem. **Die premie vir die addisionele sterfteversekering word uit die werkgewerbydrae tot die Pensioenfonds verhaal.** Hoe groter die lid se keuse vir addisionele sterfteversekering is, hoe kleiner word die bedrag wat na die lid se fondskrediet gaan. Die lid betaal dus nie ’n afsonderlike bedrag vir die addisionele sterfteversekering nie.

Opsionele addisionele sterfteversekering word gekoppel aan veelvoude van die risikosalaris (R546 997). Dit kan slegs wissel van **drie** tot **tien maal** die risikosalaris.

Lede kon in die verlede addisionele sterfteversekering tot twaalf maal die risikosalaris kies. Hierdie opsie is nie meer moontlik nie. Lede wat voorheen reeds hierdie opsies gekies het, sal egter daarmee kan voortgaan. Nuwe lede of lede wat hulle versekering in die toekoms wil verhoog, sal dit tot ’n maksimum van **tien maal** die risikosalaris kan verhoog.

’n Lid kan kies om slegs die verpligte sterfteversekering te neem (twee maal die risikosalaris). ’n Lid wat die maksimum addisionele versekering (tien maal die risikosalaris) kies, kry dus sterfteversekering ten bedrae van R5 469 970 (10 x R546 997 = R5 469 970).

Die beskikbare versekeringsvlakke, insluitend die verpligte versekering en die betrokke premies is as volg:

| | **A1** | **+ B1** | **= C1** | A2 | **+ B2** | **= C2** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 x Risikosalaris | R381 | R0 | R381 | R1 093 994 | | R1 093 994 |
| 3 x Risikosalaris | R381 | R144 | R525 | R1 093 994 | R546 997 | R1 640 991 |
| 4 x Risikosalaris | R381 | R289 | R670 | R1 093 994 | R1 093 994 | R2 187 988 |
| 5 x Risikosalaris | R381 | R433 | R814 | R1 093 994 | R1 640 991 | R2 734 985 |
| 6 x Risikosalaris | R381 | R578 | R959 | R1 093 994 | R2 187 988 | R3 281 982 |
| 7 x Risikosalaris | R381 | R722 | R1 103 | R1 093 994 | R2 734 985 | R3 828 979 |
| 8 x Risikosalaris | R381 | R866 | R1 247 | R1 093 994 | R3 281 982 | R4 375 976 |
| 9 x Risikosalaris | R381 | R1 011 | R1 392 | R1 093 994 | R3 828 979 | R4 922 973 |
| 10 x Risikosalaris | R381 | R1 155 | R1 536 | R1 093 994 | R4 375 976 | R5 469 970 |

Hoe om die Tabel te lees:

| Blou (A) is verpligtend.<br>Die blou bydrae (A1) “koop” die blou versekering (A2). | Groen (B) is opsioneel.<br>Die groen bydrae (B1) “koop” die groen versekering (B2). | Rooi (C) is die totaal van A en B.<br>Die rooi totaal (C1) “koop” die versekering soos in C2 genoem. |
|---|---|---|

Die volgende keuses is nie meer moontlik vir nuwe lede of bestaande lede wat hulle versekering wil verhoog nie. Die premie word wel gegee sodat lede wat reeds op die elf maal en twaalf maal risikosalaris opsie is, hulle nuwe premie kan sien en dit moontlik kan oorweeg om ’n laer opsie te kies.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 11 x Risikosalaris | R381 | R1 300 | R1 681 | R1 093 994 | R4 922 973 | R6 016 967 |
| 12 x Risikosalaris | R381 | R1 444 | R1 825 | R1 093 994 | R5 469 970 | R6 563 964 |

Die Beheerliggaam het bevestig dat die Pensioenfonds in die eerste plek moet sorg dat lede ’n goeie pensioen opbou. Indien die risikopremies te hoog word, gaan daar te min geld na die pensioenfonds.
Lede wat ’n verandering wil maak, moet ’n keusevorm (Bylaag D) voltooi. Keuses is beperk tot tien maal die risikosalaris.

Voorwaardes en terme van opsionele lewensversekering:

1. Keuses moet as veelvoude van die risikosalaris gemaak word. Die verpligte versekering is twee maal die risikosalaris.
2. **Nuwe lede ouer as 50 jaar** sal vir alle keuseversekering bewys van goeie gesondheid (op koste van Sanlam) moet lewer.
3. Nuwe lede jonger as 50 jaar kry versekering medies bewysvry tot en met ’n limiet van R6 435 000.

4. ’n 2-Jaar selfdood klousule is van toepassing op enige keuseversekering vanaf die aanvangsdatum vir nuwe en bestaande lede en vanaf enige verhoging in keuseversekering.
5. Die versekeringsveelvoud kan jaarliks op 1 Maart verlaag word.
6. Versekering kan **deur die loop van die jaar** slegs verhoog word indien ’n lid in die huwelik tree of ’n eie kind gebore word. Indien enige van hierdie gebeurtenisse plaasvind, het ’n lid drie maande grasie om versekering te verhoog.
7. Versekering kan ook **jaarliks** op die skema se verjaarsdag (1 Maart) – met voldoening aan spesifieke mediese vereistes – verhoog word.
8. Lede moet hulle keuse vir die opsionele addisionele lewensversekering skriftelik doen.

   **Gebruik Bylae D se vorm**.

   **Lede wat nie ’n nuwe skriftelike keuse voorsien nie, bly op die gekose versekering van die vorige jaar.**

   **Lede van wie geen keusevorm nog ooit ontvang is nie, bly op die verstekkeuse, naamlik twee maal die risikosalaris (R546 997 x 2 = R1 093 994).**

   Skakel gerus die Pensioenkantoor om u huidige vlak van versekering te bevestig óf indien u u versekering sou wou aanpas.

## 5. PREMIE VERGELYKING

- **Groepversekering**: Die verpligte lewensversekering is twee maal die risikosalaris.
- **Opsionele sterftedekking**: Die maksimum opsionele sterftedekking is tien maal die risikosalaris. Lede wat reeds ’n hoër opsie het, kan dit wel behou.
- **Ongeskiktheidsversekering** se inkomstevervangingsvoordeel is 75% van die risikosalaris (R34 187,31 per maand), maar is slegs beskikbaar tot op ouderdom 62 en is sonder ’n aanvullingsopsie. Die kontantbedrag is twee maal die risikosalaris (R546 997 x 2 = R1 093 994).

| Versekering | 1 Maart 2023 | 1 Maart 2024 | Verhoging |
|---|---|---|---|
| Lewe en Ongeskiktheid (2 x RS) | R355,00 | R381,00 | 7,32% |
| Ongeskiktheid tot 62 (75% x RS) | R545,00 | R584,00 | 7,16% |
| Gade (1 x RS) | R150,00 | R161,00 | 7,33% |
| **Totaal** | **R1 050,00** | **R1 126,00** | **7,24%** |

Die Pensioenkantoor trek maandeliks **een bedrag** per debietorder vanaf die werkgewer (gemeente) se bankrekening. Hierdie debietorder sluit die volgende premies in:

(a) Lid- en werkgewerbydraes [Die premie (**R584,00**) vir die ongeskiktheidsversekering se inkomstevervangingsvoordeel (tot ouderdom 62) en die opsionele addisionele sterfteversekering (sien paragraaf 6.2 hier onder) word van die werkgewerbydrae verhaal].

(b) Verpligte sterfte- en ongeskiktheidsversekering – **R381,00** (waarvan die werkgewer en werknemer elkeen R190,50 betaal).

(c) Verpligte gadeversekering (vir getroudes) – **R161,00**.

## 6. BELASTINGIMPLIKASIES

### 6.1 Sterfteversekering en enkelbedrag ongeskiktheidsversekering

Aangesien die premies vir die sterfteversekering en enkelbedrag ongeskiktheidsversekering gedeeltelik of ten volle namens die lid betaal word, is daar byvoordeelbelasting deur die lid betaalbaar.

Die voordeel is dat die sterfteversekering en enkelbedrag ongeskiktheidsversekering **in totaliteit belastingvry betaal sal word** ten tye van ’n eis.

Die volgende bedrae moet dus vanaf 1 Maart 2024 as belasbare byvoordele deur die betaalstelsel van predikante gekanaliseer word:

- Ten opsigte van die twee maal verpligte versekering (R1 093 994) moet 'n maandelikse bedrag van **R190,50 as belasbare werkgewerbydrae** by inkomste gevoeg word. Dit verteenwoordig die helfte van die totale premie wat namens die lid betaal word. Die ander helfte van die premie word (soos voorheen) deur die predikant met na-belaste geld betaal en daar is dus nie byvoordeelbelasting daarop ter sprake nie.
- Indien die predikant van die opsionele lewensversekering gebruikmaak, het dit **verdere belastingimplikasies**, want die werkgewer betaal dit as deel van die werkgewerbydrae. Die addisionele premie moet ook **as 'n belasbare byvoordeel** verreken word. Onderstaande tabel toon die **totale belasbare byvoordeel** ten opsigte van opsionele lewensversekering in die "**belasbare byvoordeel**" kolom.

| Keuse | Verplig | Eie keuse | Belasbare voordeel |
|---|---|---|---|
| 2 x RS | R190,50 | | R190,50 |
| 3 x RS | R190,50 | R144,00 | R334,50 |
| 4 x RS | R190,50 | R289,00 | R479,50 |
| 5 x RS | R190,50 | R433,00 | R623,50 |
| 6 x RS | R190,50 | R578,00 | R768,50 |

| Keuse | Verplig | Eie keuse | Belasbare voordeel |
|---|---|---|---|
| 7 x RS | R190,50 | R722,00 | R912,50 |
| 8 x RS | R190,50 | R866,00 | R1 056,50 |
| 9 x RS | R190,50 | R1 011,00 | R1 201,50 |
| 10 x RS | R190,50 | R1 155,00 | R1 345,50 |
| 11 x RS | R190,50 | R1 300,00 | R1 490,50 |
| 12 x RS | R190,50 | R1 444,00 | R1 634,50 |

Die totale maandelikse belasbare byvoeging op die betaalstaat, word volgens die predikant se keuse van versekering gedoen, wat tot gevolg sal hê dat die netto salaris effens sal verminder ten einde voordele belastingvry te ontvang.

Die akkurate en tydige implementering hiervan op die betaalstate van predikante is belangrik ten einde aan die SAID se vereistes te voldoen.

## 6.2 Ongeskiktheidsvoordele [van toepassing op alle lede jonger as 63 jaar]

Sedert 1 Maart 2015 kwalifiseer premies ten opsigte van inkomste vervanging (of ongeskiktheids-versekering) nie meer as 'n belasting aftrekking nie. Voordeel betalings word egter ook nie meer belas nie.

Die bedrag van **R584,00** word maandeliks per lid (tot op ouderdom 61 jaar en 9 maande / 3 maande voor die 62ste verjaarsdag) uit die werkgewerbydrae aan die versekeraar oorbetaal om voorsiening te maak vir moontlike ongeskiktheidsvoordeel eise. In vastetermyn poste staak die premie ook drie maande voordat die vastetermyn beëindig word – mits die pensioenkantoor weet dat die betrokke predikant in 'n vastetermyn pos is en op watter datum die termyn eindig.

Van werkgewers word verwag om die bedrag van **R584,00** as 'n belasbare byvoordeel by die predikant se belasbare inkomste in te sluit.

## 7. VRYWARING

Die belasting inligting in hierdie skrywe is bedoel om u op hoogte te hou van die veranderinge en is nie bedoel om 'n omvattende verklaring van die Wet te wees nie. Dit mag nie as 'n substituut vir spesifieke belastingadvies dien nie. Konsulteer die SAID of u ouditeur indien enige twyfel in 'n saak bestaan. Geen aanspreeklikheid word vir enige foute, weglating of opinies in hierdie dokument vervat, aanvaar nie. Die toepaslike IRP5-kodes vir sterfteversekering en ongeskiktheidsversekering word jaarliks deur SAID verander. Hou hul kennisgewings in dié verband dop.

-o0o-

**PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA**
https://www.ppfkaapkerk.co.za / pensioen@kaapkerk.co.za / 021 957 7115
Registrasienommer: 12/8/3615 – Privaatsak X8, Bellville, 7535

# KEUSE TEN OPSIGTE VAN STERFTEDEKKING

(*slegs van toepassing vir nuwe toetreders* ***óf*** *vir huidige lede wat hulle dekkingsveelvoud wil verhoog of verlaag*)

| | |
|---|---|
| ***Titel, Naam en Van:*** | |
| ***Identiteitsnommer:*** | |
| ***Deelnemende werkgewer (Gemeente of instansie):*** | |

**Dui asseblief u keuse aan deur 'n kruis (x) in die toepaslike blokkie te maak.**

**Die verstekopsie is gelyk aan twee maal die risikosalaris. Dit is R1 093 994** (2 x R546 997).

**Indien u nie 'n keusevorm voltooi nie, sal u sterftedekking outomaties op R1 093994 gestel word.**

Lede wat voorheen 'n keusevorm voltooi het (en ingedien het), sal voortgaan met daardie keuse tensy 'n nuwe keuse aan die pensioenfonds gestuur word

**Ek kies om die volgende sterftedekking te neem (merk met 'n kruis in die keuse kolom):**

| | Werkgewer | Lid | Totaal | Versekering | Keuse |
|---|---|---|---|---|---|
| 2 x Risikosalaris | 190,50 | 190,50 | 381,00 | 1 093 994 | |
| 3 x Risikosalaris | 190,50 | 334,50 | 525,00 | 1 640 991 | |
| 4 x Risikosalaris | 190,50 | 479,50 | 670,00 | 2 187 988 | |
| 5 x Risikosalaris | 190,50 | 623,50 | 814,00 | 2 734 985 | |
| 6 x Risikosalaris | 190,50 | 768,50 | 959,00 | 3 281 982 | |
| 7 x Risikosalaris | 190,50 | 912,50 | 1 103,00 | 3 828 979 | |
| 8 x Risikosalaris | 190,50 | 1 056,50 | 1 247,00 | 4 375 976 | |
| 9 x Risikosalaris | 190,50 | 1 201,50 | 1 392,00 | 4 922 973 | |
| 10 x Risikosalaris | 190,50 | 1 345,50 | 1 536,00 | 5 469 970 | |

Die 11 x en 12 x risikosalaris opsie wat voorheen beskikbaar was, is nie meer beskikbaar nie. Lede wat reeds voorheen die opsie uitgeoefen het, kan dit wel behou. Die premie kan in Bylaag C gesien word.

## VERKLARING

Ek verklaar dat ek die risikodekking van die PPF en my keuses daaromtrent verstaan en dat ek die nodige advies ingewin het waar nodig. Ek verklaar dat ek die implikasies van my keuse verstaan. Hiermee vrywaar ek die Fonds, die trustees en die Hoofbeampte van die Fonds en my werkgewer teen enige eis van watter aard ook al wat uit my sterftedekkingkeuse mag voortspruit.

| ____________________ | ____________________ | ____________________ |
|---|---|---|
| **Voorletters en Van** | **Handtekening** | **Datum** |

**Die voltooide vorm moet die Pensioenkantoor teen Maandag 11 Maart 2024, óf binne 14 dae na aanstelling bereik. Stuur e-pos na pensioen@kaapkerk.co.za**
**Kontak Elodie van der Walt by 021 957 7115 indien u enige navrae in hierdie verband het.**

*Die onus is op die lid om die vorm korrek te voltooi en indien nie korrek voltooi is nie, sal die vorm ongeldig wees en sal die verstekopsie op die lid van toepassing wees. Die Pensioenkantoor sal ontvangs van u keusevorm bevestig. Indien u binne 5 dae geen reaksie ontvang het nie, skakel Elodie om ontvangs van u keusevorm te bevestig.*